



TOERISME

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE

**ONDERWERP: PLAASLIKE, STREEKS EN
INTERNASIONALE TOERISME
INHOUD: VORMS VAN BETALING TYDENS
INTERNASIONALE REISE**

Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen-
vraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 8 bladsye.

ONDERWERP: PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME

INHOUD: VORMS VAN BETALING TYDENS INTERNASIONALE REISE

**NOV 2014 NSS
VRAAG 9**


9.5 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 9.5.1 Verduidelik die elektroniese oorplasing van fondse wat in die foto hierbo uitgebeeld word, as betaalmetode in die toerismebedryf. (2)
- 9.5.2 Noem EEN voordeel van hierdie betaalmetode. (2)

**NOV 2016 NSS
VRAAG 9**

9.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



9.2.1 Identifiseer die ouderdomskategorie waar kredietkaarte die voorkeurbetalingsmetode is wanneer internasionaal gereis word. (2)

9.2.2 Gee TWEE redes waarom die ouderdomsgroep wat in VRAAG 9.2.1 geïdentifiseer is, verkies om kredietkaarte te gebruik. (4)

**NOV 2017 NSS
VRAAG 9**

9.2 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONVOORSIENE GEBEURE IN ITALIË

Baie lewens is verloor en baie skilderye, antieke en historiese geboue en ander belangrike terreine wat vorige aardbewings oorleef het, is in die aardbewings van 2016 en 2017 vernietig.

Die aardbewings is so ver as Rome gevoel, waar vervoerowerhede die spoorstelsel toegemaak het en belangrike toeristebesienwaardighede tydelik gesluit het om die skade te bepaal en veiligheid te verseker.

[Aangepas uit www.cnbc.com]

9.2.3 Kragonderbrekings kom algemeen na groot aardbewings voor.

Beveel 'n geskikte betalingsmetode aan wat buitelandse toeriste tydens kragonderbrekings kan gebruik. (2)

**NOV 2018 NSS
VRAAG 9**

- 9.3 Finansiële instellings beloon kliënte met lojaliteitspunte elke keer wat hulle hulle kredietkaart gebruik.

Verduidelik hoe toeriste hierdie opgehoopte lojaliteitspunte kan gebruik wanneer hulle reis. (2)

**NOV 2019 NSS
VRAAG 9**

- 9.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BETAAL ENIGE IEMAND IN ENIGE GELDEENHEID

Shyft is 'n aflaaibare toep ('app') wat gebruik word om buitelandsevaluta-transaksies op mobiele toestelle te doen. Die toep stel gebruikers in staat om betalings aan enige iemand, enige plek in die wêreld te maak.

Maak internasionale betalings. Voeg slegs 'n begunstigde (ontvanger) by, sleutel sy/haar besonderhede in, die bedrag en voeg 'n verwysing by.

Skep verskeie virtuele* kaarte in enige geldeenheid om aanlyn vir enige doel te bestee.

Vul jou virtuele kaart enige tyd aan ('top up').



Kyk na saldo's, huidige wisselkoerse en koop buitelandse valuta.

Kry werkliketyd('real-time')-koerse en wissel tussen rand, VS-dollar, Britse pond, euro en die Australiese dollar met die druk van 'n knoppie.

***Virtuele:** iets wat slegs elektronies op 'n elektroniese toestel bestaan en slegs elektronies gebruik kan word

[Aangepas uit www.getshyft.co.za]

- 9.2.1 Verduidelik TWEE maniere waarop hierdie toep betalings geriefliker maak wanneer internasionaal gereis word. (4)
- 9.2.2 Gee EEN rede waarom dit veiliger is om hierdie toep te gebruik as om voorafgelaaiete debietkaart of kontant te dra wanneer internasionaal gereis word. (2)
- 9.2.3 Noem EEN struikelblok wat 'n toeris kan ervaar wanneer hierdie toep vir elektroniese transaksies gebruik word. (2)

**FEB-MARCH 2016 NSS
VRAAG 9**

9.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit www.cartoonstock.com]

- 9.2.1 Interpreteer die boodskap in die prent hierbo oor die gebruik van reisigerstjeks. (2)
- 9.2.2 Gee TWEE vorme van betaling wat reisigerstjeks tydens internasionale reise vervang het. (2)

**FEB-MARCH 2018 NSS
VRAAG 9**

9.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'N TEKORT AAN KONTANT IN ZIMBABWE

Toeriste in Zimbabwe kan moontlik nie kontant by OTM'e onttrek nie as gevolg van 'n kontanttekort in die land.

[Aangepas uit www.ftwonline.co.za]

- 9.3.1 Verduidelik EEN uitdaging wat toeriste in Zimbabwe gaan ervaar wanneer hulle by 'n OTM kontant wil onttrek. (2)
- 9.3.2 Gee raad aan 'n toeris wat na Zimbabwe reis oor TWEE maniere om die uitdaging in VRAAG 9.3.1 te oorkom. (4)

SEPT 2015 EC
VRAAG 9

- 9.3 Bestudeer die voorbeeld van 'n betaalvorm wat beskikbaar is vir internasionale reisigers en beantwoord die vrae wat volg.



- 9.3.1 Gee 'n ander term wat gebruik word, wat verwys na 'n buitelandse valutakaart (world currency card). (2)
- 9.3.2 Verduidelik waarom dit tot enige internasionale reisiger se voordeel sal wees om betalings deur middel van die opsie genoem in VRAAG 9.3.1 te doen, in plaas daarvan om 'n kredietkaart te gebruik. (1 x 2) (2)

**SEPT 2016 EC
VRAAG 1**

- 1.5 Bestudeer die onderstaande senario en beantwoord die vraag wat daarop volg.



Identifiseer die mees gepaste vorm van betaling wat die reisiger in elk van die bostaande situasies vir sy toer na Londen kan gebruik.

Skryf slegs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) en die betalingsvorm in die ANTWOORDEBOEK, bv 1.5.6 Telegrafiese oorplasing. (5 x 1) (5)

**SEPT 2018 EC
VRAAG 1**

- 1.2 Kies 'n betalingsmetode vanuit die gegewe lys wat die onderstaande beskrywings die beste voltooi. Skryf slegs die betalingsmetode langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Voorafgelaaiide buitelandse valuta debietkaarte; bankwissels; buitelandse banknote; EFO; SWIFT; kredietkaart; reisigerstjeks

- 1.2.1 Laat die eienaar toe om geld by die uitreiker te leen.
- 1.2.2 'n Transaksie wat oor 'n gerekenariseerde netwerk, van een bankrekening na 'n ander, plaasvind.
- 1.2.3 Kan nie gewissel word nie, tensy dit in 'n bankrekening inbetaal word.
- 1.2.4 PIN-kode beskerm en word nie aan 'n bankrekening gekoppel nie.
- 1.2.5 Kontantnote in die geldeenheid van die land wat besoek word, wat meestal vir kleiner aankope gebruik word. (5 x 1) (5)

SEPT 2019 EC
VRAAG 9

- 9.3 Bestudeer die inligting van die reisresensiewebtuiste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

 tripadvisor	07 Jul 2018, 13:17
	<p>Hi</p> <p>Ek gaan na Suid-Afrika, langs die Tuinroete vanaf Kaapstad na Port Elizabeth, aan die begin van September vanjaar vir ons wittebroodsreis.</p> <p>Ek het raad gekry om aansoek te doen vir 'n kredietkaart met goeie wisselkoers voordele vir gebruik oorsee, maar is ongelukkig deur my bank afgekeur. Is daar 'n ander betaalmetode behalwe die gebruik van kontant of my debietkaart beskikbaar?</p> <p>Beste wense Lucy</p>

[Verwerk uit www.tripadvisor.co.za]

- 9.3.1 Adviseer Lucy oor die beste alternatiewe betaalmetode vir hul reis. (2)
- 9.3.2 Bespreek EEN voordeel van die betaalmetode in VRAAG 9.3.1 geïdentifiseer. (2)